Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Vir die Ossewabrandwag is 'n gesonde volk van groter waarde as geld. Omdat slegte behuising 'n volk se gesondheid kos, word dit deur hom verbeter*

# Die O.B.

*Vir die kapitalisme is harde kontant van groter waarde as 'n volk. Omdat beter behuising geld kos, word dit deur hom nagelaat*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 5 MEI 1943. No. 24.

# Prof. Du Plessis Skets Aard van Staat wat Ossewabrandwag Bring

## Geen Provinsies, dog Natuurlike Eenheid Onder een Politieke Hoof

**,,Uit die volksbeweging van die Afrikanerdom word uitgestoot die president van Suid-Afrika wat ons eie sal wees. Dit sal onnodig wees om hom te kies, want as ons beweeg en storm om die mag te vat, sal daar 'n man aan die voorpunt wees. Dan hoef ons hom nie te kies nie. Hy het die bevryding gebring, en hy is ons president,'' het prof. L. J. du Plessis gesê toe hy 'n kort oorsig van die Ossewabrandwag se toekomsbeleid gegee het by geleentheid van 'n vergadering op 22 April te Paarl.**

Hoofkomdt. Max Smuts het as voorsitter opgetree en het self met gebed geopen.

Prof. Du Plessis het begin deur daarop te wys dat Afrika, en nie net Suid-Afrika nie, die toekoms van die Afrikanerdom is. Afrika het baie eeue lank gelê en wag op die beskawing. Baie nasies het al probeer om hierdie donker land oop te maak vir die beskawing, maar hulle het almal verdwyn in die welsand van die naturellebloed — soos Preller dit uitdruk. Toe kom ons voorouers met die Boek en die wa en hulle maak die onherbergsame wêreld oop. Hul eie regering wou hulle aanvanklik keer om nie verder as die Hottentotshollandberge te gaan nie, maar tevergeefs. Later wou die Britte hulle belet om nie verder as die Visrivier te gaan nie, maar ook dit kon hulle nie stuit nie. Hul koppe het noordwaarts gestaan en noordwaarts het hulle beweeg. Hulle wou na die Nyl, en daarom het hulle in Transvaal 'n rivier Nylstroom genoem. Carolus Trichardt het selfs deurgedring tot in Abessinië waar genl. Smuts vandag is. Die feit dat genl. Smuts se kop na die noorde staan, moet deels ook toegeskryf word aan hierdie drang van die Boerevolk, want ook Smuts het nog Boerebloed in hom wat nie deur die Empire verander kan word nie. Hy is egter net te haastig en op die verkeerde pad.

Ons is bestem om hierdie land skoon te maak, maar daarvoor het ons miljoene Afrikaners nodig. As ons eendag so ver is om Afrika vol te woon — want ons annekseer nie, ons woon hom vol — sal ons 'n groot taak in die wêreldgeskiedenis hê. Daar sal nog 'n groot botsing kom tussen die Ooste en die Weste, en wie sê dat hierdie botsing tussen Christendom en heidendom nie beslis sal word deur Afrika se inkoms nie?

**Ons taak is om die rigting van die verlede voort te sit op die geslagte wat kom. As ons in hierdie gees dink, en ons vra wat staan ons nou te doen, voel ons dis nie meer 'n vraag hoe ons gaan stem by 'n verkiesing nie, maar wat is die onveranderlike koers in ons volksontwikkeling. Ons sal dan vra watter koers en nie watter party nie.** Die kwessie van partye is 'n saak van die oomblik, maar vir ons gaan dit oor die doelpunt van ons volksverlange.

### ONS BELEID

In die afgelope maande het die beleidsafdeling van die Ossewabrandwag gewerk. Die doel was nie om 'n program op te stel nie. Ons beweeg en laat ons nie bind deur woorde op papier nie. Ons is net aan die Afrikanerdom gebind. Die doel was om aan te dui hoe die volkslewe verbeter en omgevorm moet word. Spr. wil dan net 'n paar punte in hierdie verband noem, soos dit geformuleer is. Ons laat ons egter deur niks bind nie, en as later gevind word dat 'n ding nie goed werk nie, verander ons hom tot ons die regte het.

In die eerste plaas vra ons hoe ons staat sal lyk. Ons stel dit so voor dat uit die volksbeweging van die Afrikanerdom, die Ossewabrandwag van nou — waartoe later miskien alle Afrikaners sal behoort — die president van die Republiek van Suid-Afrika uitgestoot sal word. **Hy word nie gekies deur die kiesersmassa wat uit uitlanders en kleurlinge bestaan nie, want hy moet ons eie wees.** Dit sal onnodig wees om hom te kies, want as ons storm sal daar 'n man aan die voorpunt wees. Hy het die bevryding gebring, en hy is die President. Hy stel dan sy manne aan om hom by te staan, manne wat elkeen sy werk verstaan. Dit hoef nie juis geleerde manne te wees nie, maar manne wat elkeen sy vak ken. **Dan veeg ons die Provinsiale stelsel met alles wat daaraan kleef weg. Die parlement sal dan al reeds weg wees. Die land word ingedeel soos God hom ingedeel het en nie soos die Britte dit gedoen het nie.** Die Boland word een deel, die Karoo 'n ander, ens. So organiseer ons ons land as 'n eenheid onder een hoof. In die Boland is wyn en in die Karoo skape, maar oral is ons Afrikaners.

Ons wil die dorpe ook skoon maak en die munisipale stelsel wegveeg waar die vreemdelinge heers. Afrikaners sal daar aangestel word wat veral die stede sal regmaak en reg hou.

As die land nou min of meer skoon is, word 'n lys van burgers opgestel wat alleen uit Afrikaners sal bestaan. Vreemdelinge wat Afrikaners wil word, sal getoets word deur 'n raad en dan toegelaat word tot die burgerskap. Daar sal ook 'n volksraad wees wat deur die burgers gekies word, maar die stelsel van verkiesing sal anders as vandag wees. 'n Lys van kandidate sal opgestel word en dan kan vir of teen hulle gestem word.

### BUITELAND

Tot sover het ons as Afrikaners nie veel te sê gehad oor ons buitelandse beleid nie. Ons het maar saam met die Empire geloop, en sy vyande was ons vyande. Ons was op kunsmatige wyse ingeskakel met Koelie, Moor en Indiaan oor die hele wêreld. Ons was ook ingeskakel by die Volkebond waar saamgewerk is om die liberalisme te versprei. **Wanneer ons egter vry is, dink ons in die eerste plaas aan Afrika. Ons sal sorg dat die hele politieke inrigting gerig is op die ontwikkeling en bewoning van Afrika. Bietjie verder lê Europa waar ons ook wil inskakel. Ons kom daarvandaan en is verwant daaraan. Daarom sal ons wil saamwerk met Duitsland wat die leiding en kern sal vorm van die nuwe Europa, as ook met die ander Europese volke.** Vir die Amerikas sê ons ons het vrede daarmee dat julle jul in Amerika tuis maak, maar Afrika bly vir die Afrikaner. **Vir die kleurling uit die Ooste hier by ons sê ons: julle het in jul stryd die standpunt ingeneem dat die Europese vreemdeling uit Indië moet padgee. Asië vir die Asiaat. Ons ondersteun jul beleid, en neem nou weg die Indiërs uit Suid-Afrika.**

Ons moet ook beheer kry oor die middele waardeur die volk se gees beïnvloed word. Die vreemdeling kan nie die pers, radio en filmwese beheer om daardeur sy vreemde gees te versprei nie. Hierdie dinge sal in die hande van die Afrikanerdom gebring word, wat nie beteken dat dit juis deur die staat beheer sal word nie. Die staat sal net gesonde toesig hou daaroor.

Ons beleid in verband met die myne is dat wat onder die grond is nie privaatbesit kan wees nie, aangesien 'n persoon niks tot die skatte onder die grond bydra nie. 'n Boer bewerk sy grond en daarom het hy besitsreg daarop. **Maar die rykdom onder die grond behoort aan die volk. Daarom sal die mynwese deur die staat beheer word ten bate van die volk.** Ons minerale sal nie in die eerste plaas uitgevoer word nie, maar hier verwerk word.

### BOERDERY

In verband met die boerdery voel ons dat in die eerste plaas die bodem bewaar moet bly vir die nageslag. Geen boerdery wat teen die natuur van 'n besondere streek is, kan dus toegelaat word nie, want as dit teen die natuur gaan, beteken dit verwoesting van die grond. **Die boere sal hierin gelei word nie deur amptenare nie, maar deur boere self. Elke vakman ken die beste sy vak. Elke beroep word in sy eie belang georganiseer maar ook in belang van die volk as geheel. Die boere sal daarom self**

*Vervolg op bls. 2.*

## Nog Geen Vrede ná Stembus-Oorwinning

By geleentheid van 'n vergadering op Vredendal verlede Vrydag het dr. Malan die H.N.P. se beleid ten opsigte van die oorlog as volg omlyn, volgens Die Burger:

,,Die Nasionale Party sal AKTIEWE deelname aan die oorlog staak en sy troepe tot binne sy grense terugbring. Op die vraag of die Nasionale Party onmiddellik vrede sal sluit, is sy antwoord dat dit sal afhang van die vraag of Suid-Afrika sal kan kom in 'n posisie van absolute neutraliteit. **Dit hang af van wat die omstandighede sal wees.''**

## H.N.P. SAL BEGIN WAAR SMUTS BEGIN HET

Op Garies verlede Saterdag het dr. D. F. Malan hom as volg uitgelaat oor die Party se beleid ten opsigte van die oorlog, volgens Die Burger van 3 Mei:

,,Veldmarskalk Smuts het in 1939 gesê dat Suid-Afrika net betrekkinge met Duitsland sal verbreek en nie aktief in die oorlog sal deelneem nie. Hy het hom nie daaraan gehou nie, maar as die H.N.P. aan die bewind kom sal hy minstens terugkeer tot die posisie wat veldm. Smuts toe in die vooruitsig gestel het.''

# Beleid Uitgewerk van Ossewabrandwag

## Alles Gereed vir Toekoms

Die Ossewabrandwag se beleidsafdeling (studielaers) onder leiding van prof. L. J. du Plessis van Potchefstroom, was van 20 tot 22 April op Stellenbosch in sitting om die arbeid van die afgelope maande af te rond. Hiermee kon hulle 'n omvattende beleid wat alle terreine van ons volkslewe dek, voltooi en aan die Grootraad oorhandig vir bekragtiging. **Die Ossewabrandwag het dus 'n nuwe mylpaal bereik deurdat hy nou vaste vorm gegee het aan 'n beleid wat, soos prof. Du Plessis dit uitgedruk het, tegelyk oud en nuut is, oud omdat dit gewortel is in ons volksverlede, maar nuut omdat dit aanpas by die moderne omstandighede en vereistes van die tyd.**

Ook die staat se samestelling en inrigting is in besonderhede uitgewerk sodat die Ossewabrandwag by oorname van die huidige staat dadelik kan oorskakel om sy lewensbeskouing in die praktyk te verwesenlik. Sodra die huidige kapitalistiese regering van die Unie ineenstort, sal die gesagstaat van die Afrikanerdom onmiddellik verrys met 'n beleid wat fonkelnuut sal wees, maar tog so eenvoudig en natuurlik omdat dit uitgaan van die natuurlike. Die twee wortels van die staat sal wees die huisgesin en die bedryf wat onderskeidelik die nasionale en sosiale strewe van die staat sal verteenwoordig, d.w.s. die gedagte dat ons 'n afsonderlike volk is en dat elke volksgenoot die wagter is van sy broer.

116 Takke 44,000 Lede — AVBOB — Reserwefonds £113,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene



*HET U AL BESTEL?*

*Indien nie,*
*doen dit tog dadelik!*

*MÔRE MAG TE LAAT WEES*

**GENERAAL J. B. M. HERTZOG**

***'n Lewensgeskiedenis***

deur

**C. M. van den HEEVER**

★

Verskyn Eersdaags

★

**Die boek beslaan ongeveer 900 bladsye met seldsame fotos op kunspapier. U sien hom as seun, as student, as regter, as politikus, as leier, as Eerste Minister, as mens — en dan as banneling in sy eie land!**

**HIER IS 'N BOEK WAT ELKEEN MOET BESIT**

**Prys £1-2-6**

EN POSGELD 1/6

**Weens die oorlogsomstandighede kan ALLEEN kontantbestellings in aanmerking geneem word. Gereed teen die helfte van 1943 MAAR bestel nou.**

**DIE OPLAAG IS BEPERK**

**AFRIKAANSE PERS BEPERK**

Posbus 845. Johannesburg.



**KORRESPONDENSIEKURSUS**

**AFRIKANERS LUISTER HIER!** — Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons Korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie salaris. Ons kursus is goedkoop en doeltreffend. Ons waarborg uitmuntende resultate. Ons spesialiseer ook in Natuurgenesing, Liggaamsbou, Skoonheidskultuur, Magnetiese Persoonlikheid en Energieboukursusse. Laasgenoemde kursusse word gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhede gratis van: Unie-Boekhoukollege, **Posbus 32, Alexandria.**



***RAMME***

Opreggeteelde Wanganella Ramme teen baie redelike pryse. Kudde Ramme £3-10-0 tot £10. Stoet Ramme £12-10-0 en hoër. Groot karkasse met uitstaande kwaliteit en lengte die kenmerke. Skrywe aan: **J. H. MOOLMAN, Merino, P.S. Cradock. Foon 712.**


**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.**

# *Volk Twis nie Wanneer Hy Beweeg — Dr. P. J. Meyer*

**„Wanneer 'n volk in beweging is na sy bestemming, veg hy net voor hom en is daar nie tyd om links en regs langs hom te slaan nie. So was dit ook met ons volk tydens die Groot Trek, maar elke keer as hy tot stilstand kom, begin hy langs hom te veg met sy mede-Afrikaners," het dr. P. J. Meyer op die Paarlse vergadering op 22 April gesê.**

In so 'n volksbeweging is daar geen berekening nie. Sy eienskap is om te waag; want hy beweeg op sy bestemming af ongeag die moontlike gevare. Die Groot Trek was so 'n volksbeweging wat na die nasionale bestemming beweeg het. Maar dit het ook die sosiale eienskap gehad waardeur in die volksgenoot 'n broer gesien is wat beskerm moes word. In die woeste wêreld het hulle mekaar dan ook voortdurend bygestaan en gehelp. Hierdie mense het alles geoffer — al die toekomsmoontlikhede in die ou bedeling. Maar hulle was ook bereid om hul lewe neer te lê binne die volksbeweging. Hul grondslag was hul geloof in God die Skepper wat hulle as volk hier geplant het met 'n eie bestemming.

**Sodra hulle egter tot stilstand gekom het, het daar twis in hul geledere uitgebreek. Die oorsaak daarvan was die liberalistiese invloede wat baie nog saam met hulle uit die ou Britse bedeling gedra het.** So wou Potgieter by voorbeeld niks met die Engelse te doen gehad het nie, terwyl daar ander was wat bereid was om onder die Britse vlag te bly as dit nie anders kan nie.

Ná die Britse verowering in 1902 is die volksbeweging tot stilstand gedwing en van daardie tyd af het ons langs ons begin slaan en skel. Daar is vryheid binne die Britse stelsel verkondig. **Maar die Britse parlementarisme is 'n stelsel van stilstand. Ons het daarbinne rondgemaal en gehoop om eendag 'n uitkomplek te kry, maar ons het altyd swakker geword. Ons volk is in partye verdeel terwyl 'n groot deel ekonomies agteruitgegaan het.** Toe kom 4 September wat ons toon hoe swak die parlementarisme was, want hoewel die Afrikaners die leiding daar gehad het, is daar in belang van die Britse Empire besluit. **Die parlement het ons in die steek gelaat op die oomblik toe ons hom die meeste nodig gehad het. Hoe kan hy dan nog iets vir ons in die toekoms beteken?**

BEWEEG WEER

Ná die Eeufees van 1938 het die volk egter weer in beweging begin kom binne die Ossewabrandwag waar nie bereken word nie, dog alles gewaag word in belang van die vryheid. Ons onthou nog goed die wonderlike gees wat daar in hierdie volksbeweging geheers het. Net een bevel, en dit gly dwarsdeur tot onder uit. Maar in 'n oomblik van stilstand het ons begin dink oor die toekoms en toe is gewonder wie die leier sal wees en hoe die republiek gaan lyk. Toe begin ons verskil en uiteindelik kom die onderlinge stryd. Hierdie stryd is aangevoer deur die liberalisme wat nog nie uit ons volkslewe verwyder was nie. Die Ossewabrandwag het teen hierdie gees geveg. Op Elsburg het dr. Van Rensburg as 't ware daarteen geskreeu. Hulle het hom nie begryp nie en gesê dat hy president wil word. Die volksbeweging is egter nie daardeur gestuit nie. Sy gees het gewen en ons is elke dag besig om die Afrikaners terug te wen en weer saam in beweging te bring. Ons versterk ook elke dag die sosiale gees onder ons volk. Met ons Noodhulpfonds leer ons om vir mekaar alles te doen. **Ons sê nie die staat sal eendag „social security" bring nie, maar ons help mekaar vandag al binne die volksbeweging.**

GEBRUIK OORLOG

Die nuwe arbeidsgedagte van te werk tot die dood in belang van jou volk en medemens, neem reeds vorm aan. Ons wil hierdie ideaal laat posvat in die plek van die ou strewe om te werk vir 'n pensioen wat jou later in staat sal stel om ledig te sit.

Vervolgens het dr. Meyer daarop gewys dat ons volk vandag in ander omstandighede lewe as ons voorouers, en daarom is ons genoodsaak om ook anders te lewe as hulle, hoewel ons nog op dieselfde grondslag en beginsels staan as hulle. Vandag is ons die draers van die geestelike revolusie wat hom oral in die wêreld openbaar as reaksie teen die imperialisme en kapitalisme. Ons staan nie alleen nie, maar leef ook saam met ander volke. Daarom is dit die strewe van die Ossewabrandwag om kontak te soek met die ander volke wat soos ons voel. **Ons handel in die sin om die huidige wêreldoorlog ook te gebruik vir die verwesenliking van ons nasionale doel— die verkryging van die vryheid. Ons glo dat die gees van verjonging in Europa sal wen en reeds gewen het, en daarmee waag ons ook alles, nie terwille van onsself nie, maar van hulle wat na ons kom.**

## Prof. du Plessis skets aard van Staat

*Vervolg van bls. 1.*

**die produksie en pryse reël.**

Daar sal ook gesorg word dat gronde nie te groot of te klein is nie. Geen boer moet te min grond hê nie, maar aan die ander kant mag daar ook nie groot gronde nutteloos lê nie. **En hier dink ons veral aan die groot grondmaatskappye. Hul gronde sal gesny word.** Dit geld egter nie die privaat boer wat 'n stuk grond aangekoop het nie, want al bewerk hy dit nie self nie, sal sy kinders dit waarskynlik bewerk. **Daar sal ook nie toegelaat word dat verbande op grond geneem word nie.** Gewoonlik dwing die banke eintlik die boere om in goeie tye geld te leen teen verband op hul grond, maar sodra tye sleg word, verhoog hulle die rente of roep die verband op. Sulke dinge sal nie meer kan gebeur nie. **Die staat sal sorg dat daar 'n korporasie gestig word wat die boere van krediet sal verskaf. As die boer geld nodig het, kry hy dit daar, en as die boer swaar kry, word die geld nie opgeroep nie.**

Spr. wil by dit alles beklemtoon dat ons ons hoegenaamd nie bind aan papier nie. As ons môre weer anders dink oor die vraagstukke, verander ons hierdie beleid weer, en as iemand 'n beter gedagte het, kan hy dit vir sy offisier gee om dit voor te lê aan die beleidsafdeling waar dit oorweeg sal word.

Ten slotte het prof. Du Plessis beklemtoon hoe wonderlik eensgesind die studielaers was in die formulering van die beleid. Die Kaaplander het net soos die Transvaler gedink. **Die rede hiervoor is dat almal binne die Ossewabrandwag weg dink van wat vreemd is en net aan die Afrikanerdom dink.** As ons die hele volk eers in hierdie gedagtestroom kan verenig en in beweging bring, sal niks ons meer kan belet om die bestemming te bereik wat God vir ons in hierdie land bepaal het nie.


## Betrekking Hoof Waterfiskaal en Opsigter, Zanddrift Besproeiingsraad.

Applikasies word ingewag tot 20 Mei aanstaande vir die betrekking van Hoof Waterfiskaal en Opsigter van die Raad se kanaal, werke, gereedskap en werknemers. Die Salaris is £35 per maand en die suksesvolle applikant sal vir sy eie vervoer langs die kanaal moet sorg. Meld opvoedingskwalifikasies, ouderdom, gesondheidstoestand, ondervinding op Besproeiingswerke en met sementwerk, waterverdeling, toesig oor werksmense en sluit twee gewaarmerkte getuigskrifte in.

Applikasies gerig te word aan die ondergetekende:—

**Zanddrift Besproeiingsraad,**
**Posbus 11,**
27 April 1943. **P.K. Bonnievale.**

## PRAATJIES VIR ALMAL.

### Skeepsverliese.

Op 22 April is in die pers berig dat 'n spesiale komitee van die Amerikaanse Senaat vasgestel het dat die Geallieerdes in die loop van verlede jaar 12,000,000 ton skeepsruimte verloor het, **wat meer is as wat Amerika en Engeland tesame aan nuwe skepe aangebou het.**

Hierdie aankondiging moes soos 'n skok gekom het vir die Britse wêreld wat kort gelede nog die vertroosting uit Churchill se mond ontvang het dat die Geallieerdes se handelsvloot „tans 1,250,000 ton groter is as ses maande gelede."

Die Amerikaanse minister van marine, kol. Frank Knox, het dit dan ook raadsaam geag om net die volgende dag aan te kondig dat die komitee se syfers verkeerd is. „Hulle het hul syfers waarskynlik uit 'n ongemagtigde bron gekry," het hy verskoning probeer maak, en bygevoeg dat „die geallieerde skeepsaanbou in die afgelope jaar groter as die geallieerde skeepsverliese was."

In sy ywer om die waarheid te verdoesel het die Amerikaan bietjie roekeloser te werk gegaan as die geslepe Churchill wat verkies het om maar net oor die **halwe** jaar te praat waarin die verliese noodwendig weens die ongunstige weersomstandighede laag was.

Churchill het sy kollega seker 'n vermaning gestuur om die kop en kloutjie maar liewer nie so na aan mekaar te bring nie, want net vier dae later kom die Amerikaanse departement van vlootsake met heeltemal nuwe syfers. „Die geallieerde skeepsverliese in 1942 was **iets meer** as 1,000,000 ton **groter** as die geallieerde aanbou," klink dit toe op 27 April.

Die spraakverwarring het hiermee nog nie geëindig nie. Op 29 April kom die voorsitter van die Amerikaanse vlootkommissie, skout-by-nag E. S. Land, en bevestig Churchill se verklaring „dat die Geallieerdes 'n groter handelstonnemaat het as 'n jaar gelede."

In elk geval, al die Britte voel nou weer tevrede — dié wat iets van die waarheid wil weet sowel as dié wat liewer nie die waarheid wil weet nie.

## *VERJAARDAGKETTING*

Ek dink dit sou elkeen van julle verbaas om te sien hoe die briewe instroom — oral uit die Unie, en selfs Suidwes! Ons twee offisiere moet regtig skryf dat die ink so spat om voor te bly. Ons geniet al die briewe baie, veral om te sien hoe julle werk. Sommige vertel hoe hulle by Amajoebaberg was en andere van hul bydrae tot die Noodhulpfonds. Ongelukkig kan ons net so af en toe 'n voorbeeld noem, hoewel ons so graag al die name sou wou plaas. Maar dit is regtig onmoontlik, want almal werk so mooi, en met almal bedoel ons tot sover 700 name! Ons hartlike geluk aan dié wat hierdie week verjaar. Al kan mens weens die oorlog nie al die lekker goed koop nie, hoop ons julle sal dit darem geniet. — Hoofkommandante.

**6 Mei:** Maria P. Olivier (Port Elizabeth); **7 Mei:** Martha M. Vermeulen (Beaufort-Wes); **8 Mei:** Gysbert R. Reitz (Stellenbosch); **9 Mei:** Joppie Botha (George), Anna Deupers (Noorder Paarl), Elbie Lambrechts (Noorder Paarl), Ellen Benecke (Port Elizabeth); **10 Mei:** Abraham Muller (Sutherland), Sarah Kotze (Wolseley); **11 Mei:** Ronick Botha (Port Elizabeth); **12 Mei:** Anna le Roux (Tiervlei).

## YWER VAN KNYSNA-VROUE

'n Mooi prestasie is onlangs deur die vroue van die kommando Middebrug (Knysna) behaal onder leding van hul ywerige veldkornette, mev. F. Gerber. Laasgenoemde het haar voorgeneem om £20 by te dra tot die genl. Schoeman (noodhulp)-fonds deur middel van arbeid. Sy het halfkrone uitgedeel aan 'n aantal vroue, en met behulp van twee het sy self die bedrag van £6 ingebring. Die ander vroue het met hul halfkrone byna £14 ingebring, en toe nog net 16s. kortkom, het komdt. Gerber die res bygevoeg om die £20 vol te maak.

Die vroue het onderskeidelik as volg bygedra:

Mevv. F. Gerber £6, Salmon Stander £2 (plus £1, synde maandelikse bydrae van 2/6 vir die gesinne van geïnterneerdes), Sarel Marais £1-13-0, Faans Barnard £1-10-0, mej. Lenie Stander £1-1-0, mevv. E. M. Stander £1, Jannie Barnard £1, Hendrik Barnard £1, Koos Barnard £1, R. H. M. Zeelie £1, Casper Stander 10s., mej. Alice Terblanche 10s.


MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Bestuurder: GUSTAV BETHKE.

Telefoon 2-6213.

*Ten spyte* van omstandighede, kry u nog steeds 'n besondere deftige verskeidenheid

Damesuitrusting

by

Steyns

PAROW

DIE MODERNE DAMES-MODISTE

L.W.—Ons is elke Woensdag gesluit.

S. J. KRYNAUW

Algemene Handelaar en Produkte Koper.

Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke

Mans en Dames Skoene

Kruideniersware teen die billikste Pryse

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer

H/v NUWE- en GARCIASTRAAT

Foon 63 — — Posbus 54

BEAUFORT-WES

W. VOIGT BPK.,

HUGENOOT.

*Fabrikante van . . .*

*Kelder en Besproeiings Masjinerie,*

*Sleepwaens,*

*Boerewaens, Ens., Ens.*

Foon: Paarl 23.

Posbus 10, Hugenoot.

*Vir 'n Suksesvolle Loopbaan*

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

*MEER AS 200 KURSUSSE*

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

Reeds meer as 16,000 Studente het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook U kan dit doen.

Pos die Koepon nog vandag .. vir gratis besonderhede

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in..............................

Naam..............................

Adres..............................

(O.B., 5 Mei 1943)..............................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

Helpmekaar

KORRESPONDENSIE KOLLEGE

Voortrekkergebou 316, Hoekstraat 18,

JOHANNESBURG

Posbus 3512 Foon 22-3512

*Maak Kennis met die*

Nuwe Volkspele

Opgestel deur Hester Morrison

(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)

Met Musiek en Liedjies (grondgedigte) deur

M. L. de Villiers

Komponis van „Die Stem van Suid-Afrika."

*Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.*

Prys 4/3 posvry

Bestel by die uitgewers,
PRO ECCLESIA-DRUKKERY
Posbus 28, Stellenbosch
of by u Boekhandelaar.

Ondersteun Ons Adverteerders!

ONS MENSE.....



in die goeie ou dae toe die lewe nog so maklik gegaan het, soos dit nou vir ons lyk. 'n Prent van 'n gelukkige, versorgde huisgesin!

Vandag se portret en modes lyk anders. Ook die lewenswyse het totaal verander. Maar één ding bly nog dieselfde—die behoefte aan versorging vir die gesin. En in vandag se haastige, drukke lewe is 'n veilige middel steeds

*'n Sanlam-polis*

SANLAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.

— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —

HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 5 MEI 1943.

# In Volle Vaart Na Volksbestemming

Toe die Ossewabrandwag vier jaar gelede gestig is, kon baie voormanne nie vir hom 'n plek in die volkslewe sien nie. Van party-politieke kant is gevrees dat hy 'n mededinger is en dit was dan ook met 'n mate van agterdog dat hy deur die politieke leiers bejeën is. Van militêre kant is dieselfde vrees teen die nuwe beweging gekoester, en baie gou is ,,militêre sanksies'' teen hom toegepas. Ook ons kultuurleiers het aanvanklik die bestaan van die Ossewabrandwag misken en hom as oorbodig beskou. Net die volk as sodanig het instinkmatig aangevoel dat hierdie organisasie 'n besondere betekenis het en binnekort was die Ossewabrandwag dan ook die magtigste organisasie wat die Afrikanerdom nog ooit gehad het.

Die rede vir die aanvanklike agterdog teen die Volksbeweging lê opgesluit in die woorde van prof. Du Plessis te Stellenbosch waar hy gesê het dat ons volk toe nog nie kon onderskei tussen partypolitiek en volkspolitiek nie. Die volkspolitiek sluit geen terrein van die volkslewe uit nie. Dit wil die hele volk in al sy vertakkings beskerm en bevorder. Waar ons volkslewe onder die bedeling van die liberalisme met sy partypolitiek versnipper was in 'n politieke, kulturele, militêre en godsdienstige kamp wat los van mekaar gestaan het, kon daar geen plek gevind word vir die Ossewabrandwag sonder dat hy deur die een of die ander as 'n indringer bejeën is nie.

Duisende Afrikaners het by hom aangesluit in die verwagting dat hy die middel tot die vryheid sal wees. Maar dat hy iets meer as dit sou word, het nie by hulle opgekom nie. Ons volk kon toe nog nie besef dat hy op die drumpel staan tot 'n nuwe toekoms en dat die Ossewabrandwag hom in daardie toekoms gaan inlei en voortdra nie.

Na vier jaar van stryd waarin die Volksbeweging bestorm is deur al die magte en instrumente van die imperialisme het hy nie net bly voortbestaan nie, maar tot volwassenheid gekom. Binne vier jaar het die Ossewabrandwag wat sonder tuiste in ons volkslewe gebore was, sy plek verower as die Volksbeweging van die Afrikanerdom wat in hom dra die volk en die staat van die toekoms, die beskermer van ons ganse volksbesit.

Dit is die betekenis van die onlangse vergadering van die beleidsafdeling op Stellenbosch. Die Ossewabrandwag het presies geweet wat hy wil. Hy het volkseenheid en volkspolitiek verkondig toe meeste van ons voormanne nog nie die nuwe taal verstaan het nie, maar in dit alles het hy die praktyk ver vooruitgelewe. Dit is dan ook merkwaardig dat hierdie organisasie vir die eerste agt maande van sy bestaan geen konstitusie gehad het nie. Dit was 'n beweging met 'n doel sonder meer en die volk het verstaan en saam beweeg. Eers later het die konstitusie gevolg waarin die vorm van organisasie beskryf word.

So ook het hy vir 'n lang tyd volkspolitiek verkondig sonder dat die volk presies geweet het wat daardie politiek is. Maar op Stellenbosch voorverlede week het die Ossewabrandwag die praktyk in pas gebring met die ideaal. Ons volk se toekoms is op skrif gestel. Die Ossewabrandwag se beleid is in al sy omvang geformuleer en die volk sal van nou af sowel op skrif as in die praktyk kennis maak met die toekomstige staat, want soos dr. Meyer dit uitgedruk het, die Ossewabrandwag doen reeds vandag wat hy in die toekoms wil, en dit is nog net die uitwendige beperkings — soos die Empire — wat tussen hom en die toekoms staan.

Voorlopig is dit genoeg om te sê dat die Ossewabrandwag nou sy volwassenheid as volksbeweging bereik het, en ten volle gereed is om sy taak te aanvaar as draer en beskermer van die Republiek van Suid-Afrika. Prof. Du Plessis het in sy Paarlse toespraak reeds so een en ander van die beleid bekend gemaak. **Vir elkeen wat dit lees sal dit duidelik wees dat geen politieke party so 'n beleid kan verkondig nie. Met so 'n beleid kan geen party droom om 'n verkiesing te wen nie, want dit is 'n omwenteling wat alle bestaande belange opruim om plek te maak vir die onvervalste belange van die Afrinerdom.** Slegs 'n volksbeweging wat sy ideaal nie met optelsommetjies bereken nie, dog onvervaard voortbeweeg op sy bestemming terwille van die einddoel self, kan hierdie duidelike taal praat.

Hierby is dit nodig om te beklemtoon dat die Ossewabrandwag uitgaan van die standpunt dat 'n volk 'n lewende organisme is. Dit is nie iets wat stilstaan nie en daarom kan jy sy toekoms nie in 'n sogenaamde grondwet vaslê wat onveranderbaar of moeilik veranderbaar is nie. Die Ossewabrandwag se beleid berus nie op so 'n kunsmatige grondwet nie. Sy beleid rus op sekere onveranderlike grondbeginsels, maar dit is beginsels waarop steeds verder gebou word en wat nuwe vorm aanneem na mate daar nuwe eise ontstaan. Ons is in beweging en vergeet die dinge wat agter ons lê.

# Min of Meer Belangrik.

## *Parlementêre Geklank bereik sy Volheid*

Die Unie-parlement het op Dinsdag, 27 April, sy durabele sitting beëindig. Die Burger noem dit die ,,brandmaerste van alle wetgewingsittings.''

Iemand wat die verrigtinge van hierdie onvrugbare instelling gevolg het, kan net drie uitstaande indrukke oorgehou het. Die eerste is 'n aanhoudende gebabbel van manne wat betaal word om te praat en vir wie dit betaal om te praat. Gewoonlik word na afloop van so 'n sitting in die pers aangekondig hoeveel miljoen woorde daar gedurende die sitting die hemelruim ingestuur is, en in hoever dit 'n rekord is op die produksie van die vorige jaar. Waarskynlik sal ons hierdie belangrike sportnuus nog in die volgende weke ontvang. Dit is die ligter sy van die saak.

Hierteenoor staan twee ander indrukke in verband met die uitslag van al die woordkramery: 'n drukkende belasting weens 'n verhoogde oorlogsbegroting en 'n blou-eed wat Afrikanerseuns na die slagvelde van Europa en Asië verplig.

Van uit volksoogpunt beskou kan die uitslag van die parlementsitting opgesom word in die antwoorde op onderstaande twee vrae:—

Wat het die Afrikanervolk uit die sitting gewen?—NIKS wat hy begeer het nie.

Wat het die Empire uit die sitting gewen?—ALLES wat hy wou hê.

En hiermee verplaas die volk nou sy aandag na die buite-parlementêre stryd waar geveg en gewerk word in belang van die vrywording van 'n volk.

## *Twee Verklarings van Partypolitieke kant*

In die afgelope week is verklarings gedoen deur die twee Afrikaanse partye in verband met die verkiesing.

Die Vrystaatse en Transvaalse hoofbesture van die Afrikanerparty het voorverlede week in Bloemfontein en Pretoria byeengekom. Die partyleiding het beklemtoon dat die Afrikanerparty te vinde was vir 'n verkiesingsooreenkoms met ander partye en groepe, maar dan moet dit 'n ooreenkoms wees wat gebaseer is ,,op aanvaarding van die feit dat daar vier verskillende groepe bestaan en dat daar op oortuigingsgronde goeie rede is vir hul bestaan.'' Die pogings van die party om so 'n ooreenkoms te bewerkstellig is egter telkens verydel deurdat die aangebode hand afgeslaan is. In die omstandighede, aldus die verklaring, het die party besluit om sy eie kandidate in die verkiesing te stel. Die doel hiervan is om die grootste moontlike totale getal stemme teen die oorlogspolitiek te verkry, aangesien die aanstaande Volksraad wat in 'n toestand van onderlinge verbrokkeling van Afrikanerkragte gekies sal word, tog nie die houding van die volk teenoor die oorlogspolitiek sal weergee nie.

## *Volkseenheid Struikel oor Agt Setels*

Op 27 April het dr. D. F. Malan, leier van die H.N.P 'n persverklaring uitgereik waarin hy sy standpunt gee ten opsigte van 'n verkiesingsooreenkoms met die Afrikanerparty. Hy verklaar dat die Afrikanerparty ,,'n eie aparte politieke organisasie is'' en as sodanig die reg het om sy eie optrede in verband met die komende eleksie te bepaal. Hy gee dan 'n oorsig van die onderhandelings tussen die twee partye waaruit blyk **dat die hele moeilikheid in die weg tot 'n ooreenkoms die verdeling van setels was.** Die Afrikanerparty sou by die eerste samesprekings geëis het dat hy toegelaat sou word om die setels te betwis **wat hy vandag in die parlement verteenwoordig** (d.w.s. agt — Red.). Dit het dr. Malan geweier omdat hy die Afrikanerparty oral as in die minderheid beskou.

Dr. Malan wou, volgens sy verklaring, ook weet wat die posisie sou wees ná die verkiesing, of die Afrikanerparty dan nog sy identiteit sal behou. Dit het geblyk die geval te wees. Hy was verder ook bekommerd oor wat ná die oorlog gaan gebeur ,,met die oog op vroeëre verklarings van Afrikanerpartyvoormanne dat die oorlogskwessie die enigste verskilpunt tussen hulle en genl. Smuts is.''

Dr. Malan skryf egter self: **,,Uit bostaande sal genoegsaam blyk hoe 'n groot rol die setelkwessie by die sogenaamde pogings tot volkseenheid gespeel het.''**

Dit lyk vir ons ook die hoofmoeilikheid te wees, want ons eerste vraagstuk is om Suid-Afrika uit die oorlog te kry, **en dit wil die Afrikanerparty ook.**

Omdat Die O.B. besef dat 'n verkiesingstryd tussen republikeine onderling die kunsmatige verdeeldheid nie net sal bestendig nie, **maar 'n groot verbittering teweeg sal bring, terwyl 'n volksfront daarenteen 'n kragtige stap in die rigting tot uiteindelike eenheid kan wees,** wil hy die hoop uitspreek dat die partypolitieke leiers mekaar tog nog sal vind voordat die broederslagting in belang van **setels** begin.

**Ons volk wil vryheid hê, nie setels nie!**

# Tienduisend Vermiste Poolse Offisiere

Die jongste wêreld-sensasie staan in verband met die Duitse bewering dat in 'n bos naby Smolensk massagrafte ontdek is waarin die lyke van 10,000 vermoorde Poolse offisiere gevind is. Volgens Berlyn sou die Russe verantwoordelik wees vir hierdie massa-moord. Dit is bekend dat die Bolsjewiste in September 1939, toe hulle Oos-Pole binnegeval het, ongeveer 350,000 militêre krygsgevangenes geneem het. Daarby het met die daaropvolgende ,,verdeling'' van Pole tussen Duitsland en die Sowjet, baie miljoene Pole onder Russiese gesag gekom. Toe die oorlog in Junie 1941 tussen Duitsland en Rusland uitgebreek het, het die Bolsjewiste die bondgenote van die Geallieerdes geword, dus ook van die emigrante Poolse regering onder Sikorski in Londen wat een van die ,,united nations'' is. Daar alle ,,united nations'' tot die oorlogsvoering moet bydra, so lê dit voor die hand dat die Poolse krygsgevangenes in Rusland aangewend sou word teen die gemeenskaplike Duitse vyand. 'n Nuwe Poolse leër sou dus in Rusland gevorm word. Met die vorming van hierdie leër wou dit egter nie vlot gaan nie. Van die ongeveer 350,000 krygsgevangenes kon slegs 100,000 vir die nuwe leër gewerf word. Die origes sou òf nog nie gevind kon word nie òf sou na 'n lang tydperk van opsluiting te siek vir militêre diens gewees het. Daarby was ook nog 'n paar duisend Poolse offisiere vermis. Hierdie ,,onsekerheid'' aan Russiese kant oor krygsgevangenes is, om die minste te sê, baie eienaardig. Met die lotgevalle van krygsgevangenes in Rusland gedurende die oorlog 1914—18 nog vars in die geheue, is dit geen wonder dat daar in Poolse kringe gevrees is vir die veiligheid van hul landgenote in Russiese gevangeniskampe. Daar was selfs sprake van 'n ,,groot tragedie'' soos blyk uit die Britse tydskrif ,,Review of World Affairs'' van 1 Junie 1942. Voorts is daar in Poolse kringe met siddering vertel van ,,miljoene'' Poolse burgerlikes wat tussen September 1939 en Junie 1941, d.w.s. in die tyd toe die Sowjet nog nie 'n bondgenoot was nie, na Siberië en ander aaklige plekke verban is in ooreenstemming met die Moskouse beleid teenoor nie-kommunistiese onderdane.

### POOLSE REAKSIES.

Die Pole in Europa se reaksies na aanleiding van die beweerde Duitse ontdekking in die bos by Smolensk is 'n saak van gissing. **Uit die reaksies van die Poolse regering in Londen is dit egter baie duidelik dat die ontdekking by Smolensk nie bloot as ,,'n baie slim stuk Duitse propaganda'' beskou word nie.** Die emigrante Poolse regering wat in Londen setel, en dus nie onder Duitse druk kan staan nie, het nou 'n memorandum aan die Geallieerde regerings gerig in verband met die 10,000 Poolse offisiere wat, na beweer word, in Russiese kampe verdwyn het. **Daarin word verklaar dat daar geen spoor van hulle is nie. Volgens inligting wat deur die Poolse regering ontvang is, aldus die memorandum, is die offisiere nie vrygelaat nie en is minstens 'n groot aantal van hulle gedeporteer na die Jakutsk-republiek (diep in Russiese-Siberië) en die eilande Frans Josef en Nowa Zembla (binne die Noordpool-sirkel).** In Januarie 1942 het die Poolse regering 'n nota aan Moskou gestuur waarin verklaar is dat die belofte nie nagekom is nie. Die Sowjet-regering het in sy antwoord beloof om die belofte na te kom en het ontken dat enige offisiere na bogenoemde gebiede gestuur is. Aldus die Poolse memorandum met sy interessante gegewens oor bondgenootskaplike verhoudings!

Die Poolse regering het dit egter nie hierby gelaat nie. Saam met die Duitse Rooikruis het hy die Internasionale Rooikruis genader met 'n versoek om saam te werk in die uitkenning van lyke wat volgens Duitse berigte naby Smolensk gevind is. Dit is te betwyfel of die Internasionale Rooikruis aan hierdie versoek sal voldoen as die vrees in Londen en Washington bestaan dat bondgenootskaplike liefde deur 'n dergelike ondersoek nog verder vertroebel kan word. Dit sou wel pragtig wees as die Internasionale Rooikruis die Duitse ontdekking as ,,gemene laster'' kan ontmasker. Maar wat sal gebeur as die bevindings van die Internasionale Rooikruis miskien teen Moskou gaan? Die Poolse regering in Londen ag in elk geval die beweerde Duitse ontdekking ernstig genoeg vir 'n ondersoek deur die Internasionale Rooikruis.

### BOLSJEWISTIESE REAKSIES

In Moskou is hulle woedend omdat die Poolse regering 'n beroep op die Internasionale Rooikruis gedoen het en die Sowjet-Unie het dan ook sy diplomatieke betrekkinge met die Poolse regering in Londen verbreek. In 'n verklaring wat deur Molotof, Russiese minister van Buitelandse sake, aan die Poolse gesant in Moskou oorhandig is, word die volgende beweer: 1. Die Poolse regering in Londen sou saam met Hitler teen Moskou knoei. Sikorski en sy kollegas word ,,Hitler se Poolse medewerkers'' genoem. Die doel van hierdie samewerking sou wees om druk op die Sowjet-regering uit te oefen vir die verkryging van territoriale toege-

(Vervolg op bls. 5)

STEUNMEKAAR



Malherbestr. 268
Capital Park
Foon 2-5499
PRETORIA

Regte adres vir huise, plase, lenings.

'N PLAAS DUISEND!

DISTRIK GRAAFF-REINET: In die beroemde Suurberge, 2,826 morg, 7 kampe, volop water in almal, gras- en bossiesveld in berge en vlaktes, beste weiding vir groot- en kleinvee; 7 sterk boorgate met windpompe en 'n enjin, 50,000-sinkdam by twee windpompe; fontein by huis en een by opstal op ander deel van plaas, met tuinery daarby; baie groot vloedwaterdam met 9 morg baie goeie grond en 5 kleiner damme; landerye; 30 morg onder koring, 12 lusern; hoofopstal; goeie 6-vertrek woning, twee gange, telefoon, elektriese lig, nodige buitegeboue, goeie skeerhok; ander opstal: 5-vertrekstrooidakhuis; gereelde bus by plaas verby; gemiddelde reënval afgelope 13 jaar 15 duim per jaar; sommer 'n uitsoekplaas. Prys £2-17-0 per morg. (No. 184).

Vir 'n meer uitvoerige beskrywing van hierdie en 'n groot verskeidenheid ander plase wat ons het om te verkoop of verruil of opdrag om u eie plaas te verkoop of verruil skryf aan: STEUNMEKAAR, die vinnige eiendomsverkopers. Telegramme „DIENSTIG," Pretoria.

Schoemanello-Drank . . . . .

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| WYNE: | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| BRANDEWYNE: | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| LIKEURS: | | | |
| Kersie-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Anys-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Gemmer-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Lemoen-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Peperment-Likeur | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Van der Hum | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| JENEWER LIQEURS: | | | |
| Lemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |
| Suurlemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme:—K.M.B, plus treingeld na sylyne, K.B.A, plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN

Posbus 142. Oudtshoorn.

# Parlementêre Stelsel Het Finaal Misluk op 4 September

## Verband tussen Vyandige Magte

**„Ons besef die gevaar van die Kommunisme, maar verloor nie uit die oog nie dat hierdie gevaar in verband staan met die imperialisme en die kapitalisme en dat hy verdwyn sodra die ander twee wegval," het dr. P. J. Meyer, voorligtingshoof van die Ossewabrandwag, op 21 April in die Hofmeyersaal, Kaapstad, gesê toe hy saam met prof. L. J. du Plessis 'n O.B.-vergadering toegespreek het onder voorsitterskap van komdt. De Villiers Truter. Genl. P. D. Rossouw het met gebed geopen.**

Dr. Meyer het aangetoon hoe die imperialisme die Afrikanervolk in die jeugstadium van sy ontwikkeling belemmer het. Ná 1902 is die gewelddadige optrede beëindig en is toe op subtiele wyse gepoog om die Afrikaner van sy koers af te wend. Ons was verplig om binne die parlementêre stelsel te veg vir meer ruimte, en so het die eie party tot stand gekom met heelwat teenstand, want die Afrikaners het nie daaraan geglo nie. Genl. Hertzog moes die volk eers oortuig dat dit nodig was om in daardie omstandighede gebruik te maak van die vreemde stelsel. **Hierdie stelsel het egter op 4 September finaal misluk toe ten spyte van die feit dat Afrikaners aan die hoof van die regering was, die deurslag gegee is in belang van die Empire.**

As gevolg van die partystelsel het ons volk steeds swakker geword want hy is meer en meer in groepe verdeel. 'n Groot aantal volksgenote is deur hierdie stelsel aan die vyand oorgelewer, sodat hulle toe ons vyande geword en ons beveg het.

Op die voetspoor van die imperialisme het die kapitalisme gevolg wat ons verder sou verswak. Sy doel was nie handhawing van selfstandige gesinne nie, maar juis hul uitbuiting. Ons moes in hierdie stelsel 'n bestaan soek en het dit probeer vind in die organisering van werknemers teen werkgewers. **So kom daar 'n werkende klas op wie neergesien word. Dit het beteken 'n verder verswakking van ons volk en die produk was 300,000 armblanke Afrikaners.** Hierdie mense word terwille van hul stemme deur die politici uitgebuit, en so werk die stelsels inmekaar.

Hierop het 'n ander verdelende mag gevolg, die kommunisme. Kapitalisme is die wegbereider vir die kommunisme omdat hy 'n werkersklas in die lewe roep en klassestryd bewerkstellig. Die kommunisme organiseer dan die werkers in die hoop op 'n oorwinning vir die arbeid. **Sodra hy gewen het, is die werkers maar weer in dieselfde verdrukking, want dan kry ons staatskapitalisme. Alles behoort aan die staat en die werkers is slawe van die staat.**

### NUWE WEG

Na 1939 het die Ossewabrandwag gekom om 'n nuwe weg aan te dui. Die Ossewabrandwag vra nie meer die volk om binne die stelsels van die vreemde magte op te tree nie. Ons het ons losgemaak van daardie verdelende stelsels en ons reg teenoor hulle georganiseer. Dit onderskei die Ossewabrandwag van enige ander organisasie. Ons huil nie oor die imperialisme se optrede nie — ons verwag dit van hom, maar ons beveg hom op alle moontlike maniere en gaan stap vir stap die versetkrag in ons versterk.

Die Ossewabrandwag organiseer die volk in tweërlei afdelings. Eerstens as Afrikaners, d.w.s. in sy nasionale bestaan, en wel deur alle Afrikaners nader te trek in plaas van weg te jaag soos in die partypolitiek. **Die doel is nie om getalle te wen nie, maar om elke Afrikaner so op te voed dat hy aktiewe diens aan die volk sal lewer.** In die tweede plaas word die volk in sosiale sin georganiseer, d.w.s. in die sin dat ek my broer se hoeder is. **Die Ossewabrandwag leer ons die waarde van arbeid, om arbeid te waardeer en nie kapitaal nie. Ons wil die volk leer om te werk en dit te geniet. Almal is deelhebbers aan die arbeid, predikante, boere, onderwysers en hande-arbeiders.**

Hierdie nasionalisme en sosialisme is nie alleen 'n waarborg teen die imperialisme en kapitalisme nie, maar ook teen die kommunisme. Ons besef die gevaar van die kommunisme, maar verloor nie uit die oog nie dat hy in verband staan met die vorige twee magte, en dus verdwyn as hulle vernietig word.

**Hierdie dinge is nie net toekomsdrome nie. Wat die Ossewabrandwag voornemens is om in die toekoms te doen, begin hy reeds vandag doen. Daarom maak hy nou al van ons 'n nasionale en sosiale eenheid.** In hierdie stryd eis die Ossewabrandwag van ons alles en nie net ons oortollige kragte en besittings nie. Ons eis uiteindelik van elkeen sy lewe in belang van die vrywording van ons volk.

Die Ossewabrandwag sal nie weer verdwyn nie. Hy het gekom om te oorwin en het reeds oorwin. En in hierdie stryd word ons gelei deur 'n man wat sy lot ingewerp het by sy volk sonder voorbehoud. Hy het die grootste waagstuk aangepak, en in hierdie gees sal hy ons lei na ons bestemming.

## TIENDUISEND VERMISTE POLE

(Vervolg van bls. 4)

wings. Die Poolse bondgenoot sou dus van die Duitse vyand gebruik maak om territoriale voordele op sy Russiese bondgenoot te behaal. Eienaardige bondgenote!

2. Die vermiste Poolse offisiere sou, volgens Molotof, wel vermoor wees, egter nie deur die Bolsjewiste nie maar deur die Duitsers na hulle Smolensk in Julie 1941 beset het. **In verband hiermee is die vraag geoorloof waarom Moskou dan eers vandag en nie reeds destyds, toe die Poolse regering op inligting aangaande hul vermiste landgenote aangedring het, erken het dat die vermiste Pole in Duitse gevangenskap geraak het nie.**

3. **Ondersoek deur die Internasionale Rooikruis word deur die Sowjet geweier. Hierdie weiering kan nie 'n gunstige indruk selfs op bondgenote maak nie.** Die Internasionale Rooikruis, oor die samestelling waarvan niemand beswaar kan maak nie, is die aangewese organisasie om in dergelike gevalle op te tree. Dit is nie sy taak om die Sowjet-Unie of enig ander land skuldig of onskuldig te verklaar nie maar alleen om behulpsaam te wees by die uitkenning van die beweerde Poolse lyke en die vasstelling van die datum waarop die beweerde moord by Smolensk sou plaasgevind het. Die weiering van Moskou om van die Internasionale Rooikruis gebruik te maak veroorloof drie moontlike gevolgtrekkings: Eerstens 'n diepgaande Bolsjewistiese wantroue in 'n erkende internasionale organisasie waarop sy bondgenote goed verteenwoordig is. Tweedens openbaar dit 'n skuldige Bolsjewistiese gewete en vrees vir die uitslag van 'n ondersoek in die bos van Smolensk. Derdens wil Moskou deur sy optrede gebruik maak van die geleentheid om van 'n lastige Poolse regering in Londen ontslae te raak en 'n eie kommunistiese Poolse regering in Rusland in die lewe te roep.

Dit sou oor Pole gewees het dat Brittanje op 3 September 1939 die oorlog aan Duitsland verklaar het. **Wat gaan Londen doen om sy Poolse bondgenoot teen Moskou te beskerm?** Hierdie en nog baie ander vraagstukke sal waarskynlik uit die jongste Pools-Russiese rusie gebore word.

SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K.

DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.

V.M.K. Klubbediening Sluit die volgende in:
Gratis sleepdiens. Goedkoper motorversekering, gratis regsadvies. V.M.K. aanbevole garages, hotelle, losieshuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikanerbediening u inwag. Snelle afleweringsdiens. Padverslae, Pad- en roetekaarte. 'n Unieke motorkenteken.

Volle Besonderhede van:—
DIE HOOFBESTUURDER, Bus 2043, Kaapstad.
DIE TAKSBESTUURDER, Bus 1093, Johannesburg.
DIE TAKBESTUURDER, Bus 383, Bloemfontein.

VOLKSKAS

GEE: 3½% Rente op Vaste Deposito's vir twee jaar.
3% Rente op Vaste Deposito's vir 12 maande.
2½% Rente op Beleggingsertifikate — opvorderbaar met 3 maande kennisgewing.
2% Rente op Spaarrekeninge.

Volkskas (Koöp.) Bpk.
(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

Hoofkantoor:
Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA.



Die Volk se Bank.

Foon 62 Posbus 53

HEILBRON

OM te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat

BETEKEN oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.

Die MODERNEWINKEL

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

KOOP NOU!

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars (Eiendoms.) Beperk,

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210. Foon 2-6806.

DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.
Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

TOT U DIENS!

V.M.K. AANBEVEEL.

# O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydrae tot ons fonds vir hulpverlening aan die afhanklikes van geïnterneerde Afrikaners is aan Die O.B. bekend gemaak:

## TRANSVAAL TOT 17 APRIL

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | 17,002 | 17 | 5 |
| Kwit. Nos.: | | | |
| 2391 9B2 | 5 | 2 | 0 |
| 2392 9A3 | 24 | 6 | 9 |
| 2393 9A6 | 5 | 0 | 0 |
| 2394 Bydrae | | 11 | 10 |
| 2395 15B | 29 | 16 | 3 |
| 2396 3C2 | 28 | 13 | 6 |
| 2397 15A4 | 8 | 4 | 6 |
| 2398 8B2 | 12 | 12 | 0 |
| 2399 9B6 | 5 | 2 | 9 |
| 2400 9A7 | 1 | 9 | 0 |
| 3301 4B6 | 4 | 0 | 0 |
| 3304 3C2 | 3 | 7 | 6 |
| 3305 4C6 | 12 | 12 | 0 |
| 3306 11B6 | 5 | 0 | 0 |
| 3307 D 11B6 | 3 | 0 | 0 |
| 3308 9C5 | 4 | 4 | 0 |
| 3309 8B1 | 10 | 10 | 6 |
| 3310 M8 | 1 | 10 | 0 |
| Totaal: | £17,168 | 0 | 0 |

## VRYSTAAT TOT 30 MAART

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | 5,559 | 10 | 3 |
| Generaalskap 1 | 41 | 4 | 10 |
| Kommando 1A7 | 7 | 16 | 6 |
| ,, 1B1 | | 5 | 6 |
| ,, 1B2 | 2 | 6 | 0 |
| ,, 1B6 | | 17 | 6 |
| ,, 1B7 | 3 | 5 | 0 |
| ,, 1C6 | 14 | 10 | 6 |
| ,, 2A1 | 6 | 4 | 2 |
| ,, 2A2 en 2A7 | 2 | 0 | 0 |
| ,, 2A7 | 6 | 0 | 0 |
| ,, 2B3 en 2B8 | 24 | 17 | 9 |
| ,, 2B4 en 2B6 | 6 | 1 | 4 |
| ,, 2B7 | 2 | 2 | 6 |
| ,, 2C2 en 2C7 | | 10 | 2 |
| ,, 2C6 | 5 | 10 | 0 |
| ,, 3C2 en 3C7 | 8 | 7 | 9 |
| ,, 3C3 en 3C8 | 3 | 15 | 0 |
| ,, 4B2 en 4B7 | 13 | 15 | 2 |
| ,, 4B6 | 20 | 0 | 0 |
| ,, 5A1 | 15 | 0 | 0 |
| ,, 5A3 | 11 | 6 | 0 |
| ,, 5A6 | 5 | 6 | 6 |
| ,, 5A8 | 7 | 5 | 2 |
| ,, 5B1, 5B2, 5B6 | 12 | 19 | 0 |
| ,, 5C1 en 5C6 | 9 | 11 | 1 |
| ,, 5C7 | | 14 | 11 |
| ,, 5D2 | 2 | 13 | 4 |
| ,, 5D6 | 3 | 12 | 4 |
| ,, 5E6 | 2 | 15 | 6 |
| ,, 6A2 | 9 | 0 | 0 |
| ,, 6A6 | 1 | 3 | 4 |
| ,, 6B2 | 5 | 9 | 8 |
| ,, 6B6 | 1 | 15 | 0 |
| ,, 6B7 | 3 | 0 | 2 |
| ,, 6B8 | | 8 | 0 |
| ,, 6C4 en 6C9 | 4 | 10 | 9 |
| ,, 6C8 | 3 | 4 | 0 |
| ,, 6D1 | 1 | 12 | 8 |
| ,, 6D2 | 2 | 19 | 0 |
| ,, 6D6 | 6 | 9 | 1 |
| ,, 6D7 | 2 | 0 | 0 |
| ,, 7A1 | 6 | 10 | 0 |
| ,, 7A3 | 1 | 10 | 0 |
| ,, 7A6 | 3 | 1 | 6 |
| ,, 7A7 en 7B4 | 1 | 11 | 0 |
| ,, 7B4 | 1 | 7 | 3 |
| ,, 7B6 | 2 | 0 | 0 |
| ,, 7C1 en 7C6 | 10 | 1 | 7 |
| ,, 7C2 en 7C7 | 8 | 1 | 0 |
| ,, 7C3 en 7C8 | 4 | 8 | 4 |
| ,, Jeugfront 7C2 | 3 | 2 | 6 |
| ,, 8B6 | 2 | 11 | 11 |
| ,, 9A1, 9A2, 9A6, 9A7 | 13 | 10 | 3 |
| ,, 9A6 | 1 | 0 | 0 |
| ,, 9A7 | 2 | 0 | 0 |
| ,, 9B2 | | 17 | 6 |
| ,, 9B3 | 4 | 2 | 0 |
| ,, 9B8 | 1 | 0 | 0 |
| ,, 9C2 | 5 | 11 | 5 |
| ,, 9C6 | 20 | 11 | 4 |
| ,, 9C7 | | 14 | 3 |
| ,, 9D6 | 2 | 0 | 0 |
| ,, 9E1 | 4 | 0 | 8 |
| ,, 9E3 | 5 | 0 | 0 |
| ,, 9E3 en 9E8 | | 7 | 5 |
| ,, 9E7 | 1 | 1 | 9 |
| ,, 11A6 | 2 | 0 | 0 |
| Hoofkommando 11B | 6 | 19 | 3 |
| Kommando 11B1 | 3 | 7 | 6 |
| ,, 11B6 | 21 | 6 | 10 |
| ,, 11C8 | 4 | 1 | 6 |
| ,, 11D1 en 11D6 | 8 | 4 | 11 |
| ,, 11D6 | 4 | 0 | 0 |
| ,, 12A3 | 5 | 9 | 0 |
| ,, 12A7 | 2 | 0 | 0 |
| ,, 12B6 | 3 | 15 | 6 |
| ,, 12C2 | 4 | 11 | 3 |
| Vriendin, Bloemfontein | | 5 | 0 |
| Vriend, Bloemfontein | 1 | 0 | 0 |
| Vriend, Bloemfontein | 1 | 0 | 0 |
| Hoofkwartier-staf | 1 | 7 | 6 |
| Boete op funksie | | 1 | 0 |
| Spoorweg-Dameskommando's | 25 | 0 | 0 |
| S.H.S. Hostel, Veldkornetskap, Bloemfontein | | 11 | 6 |
| Totaal: | £6,042 | 17 | 10 |

Voeg
DIE DAAD
by
DIE WOORD
Rook
Patriot

## GEBOORTE

THERON. — Aan Hoof-Kommandante en mnr. H. W. Theron 'n fris O.B.-seun op 10 Maart te Vrede.

WESSELS: Aan mnr. en mev. H. B. Wessels, Poppiesdeel, Ventersburg, 'n fris Brandwag-seun op 19 April. Albei wel. Naas die goeie gewer ons hartlike dank aan dokter en verpleegster. Die bevel van die K.G. is uitgevoer.

## VERLOWING

RAS — GERMESHUYSEN: Hiermee maak ons, Nellie Ras, Raspan, Content, en Jan Germeshuysen, Warrenton, aan almal wat daarin belangstel, bekend dat ons verloof is.

BRINK—VAN DER WALT: Die verlowing van Hester, dogter van wyle mnr. en mev. S. v. d. Walt, Luckhoff, en David, oudste seun van mnr. en mev. D. Brink, Edenburg, word hiermee bekend gemaak.

## DOODBERIG

GREEFF. — Die doodsengel het ons die 27ste April in die vroeë môre so skielik en onverwags besoek sonder enigeen daarvan bewus was, en van ons weggeneem sag en stil ons teergeliefde moeder en ouma.

Die diepbedroefde kinders: Jannie en Hennie Slabber en kleinkinders: Klaasie, Huipie, Piet en Hendrina, Skilpadvlei, Moorreesburg.

## ONMIDDELLIK BENODIG

Verantwoordelike Administratiewe Klerk, as Stafoffisier vir O.B.-Kantoor, Kaapstad. Ondervinding en aangename persoonlikheid 'n vereiste. Rig applikasies met getuigskrifte aan: ,,A/S,'' Posbus 1411, Kaapstad.

## BETREKKING GEVRA

AFRIKANERSEUN, 18 jaar oud, vra om Kantoorwerk. Matrikulasie-eksamen geslaag in Boekhou, Snel- en Tikskrif. Afskrifte van sertifikate en getuigskrifte op aanvraag. Doen aansoek by: J. W. Fourie, Grootsorgfontein, Grootbrakrivier, Mosselbaai, K.P.

JONG Afrikaner seun van 19 jaar met 2 jaar Handels-Kursus, wat in die volgende vakke geslaag het, Afrikaans, Handel, Boekhou, Wet en Ekonomie, soek 'n betrekking by 'n Afrikaanse Besigheid, en is gereed om van 12 Junie 1943 te enige tyd dienste te aanvaar.

## BENODIG

DADELIK benodig, blanke Afrikaanse meisie, nie jonger as twintig jaar as leerling verpleegster in 'n verpleeginrigting. Salaris £5 per maand met vry losies en inwoning. Rig applikasies aan: Matrone, Auckland Park-Verpleeginrigting, 13 Waltonlaan, Auckland Park.

ASSISTENT Voorman vir melkplaas. Kennis van masjienerie en drywerslisensie 'n vereiste. Begin salaris £10, tesame met vrye huis, melk, ens. Doen aansoek met portret, getuigskrifte en gefrankeerde koevert aan: ,,J.'' Posbus 8576, Johannesburg.

## TE KOOP

OPREGTE Australiese Bruin UIESAAD.

Beste van soort, goedgekeur deur Departement van Landbou, 7/- per pond, 6/6 vir meer as 10 pond, posvry, K.M.B. — J. J. SPIES, ,,Rus-en-Vrede,'' Schoemanshoek, Oudtshoorn.

UIESAAD. — Vroeë Kaapse Plat geel, 6/6 per pond; Australiese Bruin, Spaanse Bruin, 5/6 per pond; Kaapse strooi 5/- per pond. Afslag op 100 pond en meer. Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.

MOOI gladde lyf Merino ramme met oop gesigte te koop. Lang wol en baie goeie kwaliteit. Pryse £7-10-0 om uit te soek, en £5 vir lotte van 10 of meer. Skryf aan: Johannes Lubbe, Leeuwkuil, P.K. Petrusburg, O.V.S.

KARAKOEL-RAMME. — Jong Ramme is tans beskikbaar uit volbloed Karakoelskape, wat spruit uit Neudam- en Grootfontein-Stoeterye. Teling geskied onder strenge beheer en met die beste deskundige raad. Pryse vanaf £30 tot £50 volgens klas. Skryf aan: Mev. H. M. Burger, Bestuurderes, Toorkop Karakoel-Stoetery, Nieuwoudtville.

## HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE

Posbus 660 — Johannesburg

GENIET u eie vrugte. Pluk dit van Herholdt se beroemde VRUGTEBOME; vroeg en laat soorte. Beantwoord in alle dele van die UNIE sowel as elders. Sierbome, Struike, Rose, ens. Bestel nou en voorkom teleurstelling!! Katalogus gratis.

## VOLKSPELE!!

Die O.B.-Kommando's, Parow, hou Volkspele, Vrydagaand, 7 Mei 1943 om 8 n.m. in die Tierberg-Kerksaal. Alle belangstellende Afrikaners welkom.

## OOS-KAAPLAND AANDAG !

O.B. in Port Elizabeth behaal nog 'n mylpaal. Vanaf 1 Mei 1943, sal die O.B.-Ruskamer vir O.B.-lede en alle goeie vriende, in die Gin-Geboue, Adderleystraat, Noord Einde, P.E., geopen word. Lank lewe die Ossewabrandwag.

STABILIS ? Ja, laat

STABILIS AGENTSKAPPE EN BELEGGINGSMPY.

U help in verband met:—

- KOOP EN VERKOOP van Plase, Besighede, Vaste Eiendomme in Stad en Dorp.
- GELDBELEGGINGS: Op verbande, of in aandele in die handel en nywerheid, teen hoogste koerse.
- LENINGS: Op Plaas- en Stads- of Dorps-eiendomme; Private lenings ens. teen laagste rente. Ook Verbandlenings.
- INKOMSTEBELASTINGSTATE word opgestel deur 'n deskundige op die staf.
- ALLE KLASSE VERSEKERING word onderneem.
- AS HANDELSADVISEURS kan ons u inlig insake stigting, oorname en aankoop van besighede, voorraadprobleme ens.
- AFSLAERSWERK: Ons onderneem verkoop van vaste eiendomme, huisraad en gereedskap ens. per publieke veiling.
- ONS IS AGENTE vir die Helpmekaar Kollege. Doen u inskrywings hier.

*U Eie Afrikanerbesigheid!! — Ondersteun dit!!*

POSBUS: 1527. FOON: 3-0764.

,,Grondvloer,'' Security-gebou, Exchange Place, KAAPSTAD.

Voorslag-Pynpoeiers Die Veilige Verbanner van ALLE PYNE

*Hoofpyn, Sinkingspyn, Rumatiek, Vroulike Pyn, Tandpyn, Verkoues en Influensa*

DIE VOORTREKKER-APTEEK

KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (Bus 2760).
MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (Bus 765).
ANDRINGASTRAAT (BARCLAYS BANK-GEBOU), STELLENBOSCH.

*AS U HANDELAAR U NIE DAARVAN KAN VOORSIEN NIE VRA HOM OM DIT VIR U TE BESTEL.*

VAN ZYLS

HOOFSTRAAT PAARL

MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS

*Besoek ons Snyersafdeling*

VERSKEIDENHEID

BAAIBROEKE, SOMERPAKKE EN MANSUITRUSTING

GROOT VERSKEIDENHEID RAKETTE IN VOORRAAD

HERSNARING VAN RAKETTE £1-12-6 — BESTE SNARE

SKRYF AAN ONS VIR 'N KATALOGUS.

OOK OP — — — PORTERVILLE

SASBANK

*Verrig Volksdiens!*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar. *Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

## KAROO-KRAALMIS

BESTE kwaliteit, geen onkruid; met hamermeul fyn gemaal. Gereed vir Kunsmistoestelle. Gelewer bona fide boere se stasies teen 30/- per ton van 11 goeie sakke, K.M.B. A. Nel, Uitvlugt, Sheldonstasie.

## KAROO BOK-KRAALMIS

BESTE gehalte Kraalmis, fyn gemaal en geskik vir die gebruik in Kunsmistoestel, 32/6 per ton van 12 sakke, 38/6 per ton van 12 nuwe sakke, K.M.B., vry gelewer Uniestasies. Plaas bestellings vroegtydig. My Bank: Volkskas, Port Elizabeth. J. A. Schoeman, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

*Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag*

Gebruik

LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP — DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

'n LEVER Produk